

BEKENDSTELLING VAN PROF GRIETJIE VERHOEF AS SPREKER BY DIE  
NTVL-TAKBYEENKOMS 14 MAART 2020

Dit is baie groot voorreg om iemand van die kaliber van prof Grietjie Verhoef as 'n spreker by ons tak te verwelkom.

Sy is goed onderlê in geskiedenis sowel as ekonomie met akademiese kwalifikasies in beide vakrigtings en met grade wat almal met lof verwerf is.

Dit is juis hierdie kombinasie van geskiedenis en ekonomie wat vir ons, as genealoë van belang is om ons familiegeskiedenis in konteks van die ekonomiese situasie van die tyd te kan plaas.

Prof Verhoef is nasionaal en internasionaal bekend vir haar akademiese artikels en referate. Daarby is sy die outeur en mede-outeur van talle akademiese boeke.

Sy het referate gelewer in Australië, New Zeeland, Engeland, Nederland, Japan, Italië, VSA, Rusland, Duitsland, Noorweë, Finland en nog meer. Tussen dit alles deur is en was sy 'n direkteur en voorsitter van verskeie internasionale historiese en ekonomiese verenigings.

Sy gaan oor die Carnegie Kommissie, ondersoek na die armbanke vraagstuk van die eerste helfte van die 20ste eeu praat.

Ons luister graag na haar.